Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2012

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Tekste | (20) |
| AFDELING C: | Korter Tekste: Transaksionele, Naslaan- en Informatiewe Tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan (bv. 'n kopkaart, vloeidiagram, diagram, sleutelwoorde, ens. gebruik), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het

7. Bestee 60 minute aan AFDELING A, 30 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C.

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Voorsien elke teks van 'n gepaste titel/opskrif.

   LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: (OPSTEL

## VRAAG 1

Skryf 'n opstel van ongeveer 200 – 250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe

1.1 **... EN DAAR STAAN EK. WAT DOEN EK NOU?**

Jy het in 'n baie moeilike situasie beland en moes op jou eie dinge doen om daaruit te kom.

Skryf 'n opstel en vertel wat gebeur het.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat die situasie was.
- Hoe jy daarin beland het.
- Wat jy gedoen het om daaruit te kom.
- Wat jy uit die situasie geleer het. **[40]**

**OF**

1.2 **MY WILDSTE DROME IS BEWAARHEID!**

Jy het nog altyd daarvan gedroom om 'n kompetisie te wen en toe dit met jou gebeur, was jy die gelukkigste persoon op aarde.

Skryf 'n opstel en vertel wat gebeur het.

Hou die volgende in gedagte:

- Aan watter kompetisie het jy deelgeneem?
- Waarom het jy besluit om aan die kompetisie deel te neem?
- Hoe het jy gevoel toe jy hoor dat jy gewen het?
- Watter prys het jy gewen?
- Wat jy met jou prys gaan doen. **[40]**

**OF**

1.3 **DANKIE MENEER/JUFFROU.**

Daar is een spesifieke onderwyser/onderwyseres wat baie gedoen het om jou te help om te kom waar jy vandag is.

Skryf 'n opstel waarin jy beskryf waarom jy so dankbaar teenoor hierdie onderwyser/onderwyseres is.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat jy bereik het.
- Wat hierdie onderwyser/onderwyseres alles vir jou gedoen het.
- Waarom jy so dankbaar teenoor hom/haar is.
- Wat jy wil doen om jou dankbaarheid te bewys. **[40]**

**OF**

1.4 **DIT IS LEKKER OM SKOOL TE GAAN!**

Baie leerders dink deesdae dat dit sleg is om skool te gaan en wil liewer gaan werk. Jy dink dat skoolgaan goed is en jy en jou maats geniet dit. Julle weet dat dit belangrik is om skool te gaan.

Skryf 'n opstel waarin jy beskryf waarom jy en jou maats dit geniet om skool te gaan.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat maak skoolgaan vandag anders?
- Waarom is dit nog lekker om skool te gaan?
- Hoekom is dit belangrik om skool te gaan?
- Hoe kan dit jou help om skool te gaan? **[40]**

**OF**

1.5 – 1.8 **Skryf oor <u>EEN</u> van die prente wat hierna verskyn:**

- Die opstel wat jy skryf, moet direk verband hou met die prent.
- **<u>Gee jou eie titel.</u>** Die titel moet by die inhoud pas.
- Skryf die **<u>nommer en titel</u>** bo-aan jou skryfstuk.

1.5

**[40]**

**OF**

1.6

**[40]**

**OF**

1.7

**[40]**

**OF**

1.8

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Skryf ongeveer 80 – 100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

2.1 Vanjaar was maar vir jou moeilik en jy wil so gou as moontlik daarvan vergeet. Daar was baie dinge wat jou hartseer gemaak het.

Skryf nou 'n **brief** aan jou maat waarin jy hom/haar van jou moeilike jaar vertel en ook hoekom jy sekere dinge wil vergeet.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat het gedurende die jaar gebeur?
- Waarom het dit jou hartseer gemaak?
- Wat beplan jy om verder daaromtrent te doen? **[20]**

**OF**

2.2 **DIALOOG**

Jou maat was nog nooit by 'n "rave" (dans in 'n nagklub) nie en wil graag saam met jou gaan, maar sy/haar ouers wil nie hulle toestemming gee nie.

Jy het jou vriend/vriendin belowe om hieroor met sy/haar ouers te gesels.

Skryf nou hierdie gesprek tussen jou en jou maat se ma in **dialoogvorm** neer.

Begin so:

Ek: Mevrou, dit is die waarheid, hoekom sal ek vir u lieg!

Ouer: Gee my eers 'n goeie rede voordat ek instem. Kom nou, praat! **[20]**

**OF**

2.3 **RESENSIE**

Jy het 'n kortverhaal gelees wat jy baie geniet het. Jou klasonderwyser het jou gevra om 'n resensie daaroor vir julle skoolkoerant te skryf.

Skryf nou hierdie resensie en hou die volgende in gedagte:

- Wat is die titel van die kortverhaal?
- Wie is die skrywer van hierdie kortverhaal?
- Wie is die belangrikste karakters?
- Wat is die boodskap/tema van die kortverhaal? **[20]**

**OF**

2.4 **FORMELE BRIEF**

'n Nuwe paar skoene het drie dae nadat jy dit gekoop het, gebreek. Toe jy dit terug winkel toe neem, het die verkoopsdame jou baie onbeskof behandel en geweier om dit om te ruil.

Skryf nou 'n **formele brief** aan die winkelbestuurder waarin jy jou ontevredenheid oor die behandeling wat jy ontvang het, uitdruk.

Hou die volgende in gedagte:

- Wanneer jy die skoene gekoop het.
- Waarom jy dit terug geneem het.
- Hoe die verkoopsdame jou behandel het.
- Wat jy vanaf die winkelbestuurder verwag. **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TEKSTE: TRANSAKSIONELE/NASLAAN-/ INFORMATIEWE TEKSTE

### VRAAG 3

Skryf ongeveer 60 – 80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

3.1 **AANWYSINGS**

Jou vriend/in wat in Kaapstad woon, kom jou per bus besoek. Jy kan hom/haar ongelukkig nie by die bushalte ontmoet nie en hy/sy sal self sy/haar weg tot by jou huis moet vind.

Verduidelik nou aan jou vriend/in TIEN stappe hoe om vanaf die bushalte tot by jou huis te kom.

Skryf hierdie stappe puntsgewys en in volsinne neer.

Hou die volgende in gedagte:

- Presies waar die bushalte is.
- Presies waar jou huis is.
- Hoe ver jou huis vanaf die bushalte is.
- Bakens (winkels, geboue, ens.) waarvoor jou vriend/in moet uitkyk. **[20]**

**OF**

3.2 **POSKAART**

Jy is alreeds vir twee dae op 'n jeugkamp.

Skryf nou vir jou vriend/in 'n poskaart en vertel van alles wat daar gebeur.

Hou die volgende in gedagte:

- Met watter jeuggroep is jy?
- Waar bly julle?
- Wat is interessant en lekker?

Teken die onderstaande formaat in jou antwoordeboek oor en skryf dan die boodskap en ander inligting.




**[20]**

**OF**

3.3 **UITNODIGING**

Jou suster se seuntjie word oor 'n paar weke ses jaar oud en sy het jou gevra om die uitnodigings na sy verjaarsdagpartytjie te hanteer.

Ontwerp nou die uitnodigingskaartjie vir hierdie partytjie.

Hou die volgende in gedagte:

- Plek: Waar gaan die partytjie wees?
- Datum: Wanneer is die partytjie?
- Tyd: Hoe laat die partytjie begin.
- Tema: Gee 'n goeie verduideliking van die tema.
- Kleredrag: Verduidelik hoe die kleredrag by die tema moet pas.
- Toesig: Verduidelik watter tipe toesig daar gereël sal word.
- Aktiwiteite: Vertel van DRIE dinge wat julle gaan doen. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**